

## Sondag 15 Maart

**Skrifgedeelte: Lukas 2:21-24**

**Fokusgedeelte: Lukas 2:23**

### In ons plek vervul Hy die wet

**D**aar is 'n aantal godsdienstige verpligtings waaraan voldoen moes word by die geboorte van Jesus. Drie, om die waarheid te sê.

Eerstens is Jesus op agt dae besny, volgens die voorskrif. By hierdie geleentheid het die babaseuntjie dan ook gewoonlik sy naam ontvang. Josef en Maria is gehoorsaam en gee Hom die naam soos die engel dit beveel het.

Veertig dae later vind die lossing plaas. Elke eerste babaseuntjie behoort eintlik aan die Here, maar later het die Leviete daardie plek ingeneem en kon die eersgeborenes van die ander stamme losgekoop word. Simbolies beteken dit dat die kind aan die Here behoort.

Laastens vind die reiniging van die moeder plaas. Deur geboorte te gee aan 'n sondaar (wat al van voor geboorte af met sonde besmet is), word die ma seremonieel onrein. Daar moet dus 'n offer gebring word om haar te reinig.

Die normale voorskrif volgens Levitikus 12:6 is 'n jaaroud lam as brandoffer en 'n jong duif of tortelduif as sondoffer. Josef en Maria offer twee duiwe, omdat Levitikus 12:8 sê indien 'n lam nie bekostig kan word nie, moet twee tortelduiwe of jong duiwe geoffer word.

Jesus voldoen aan hierdie vereistes: besnydenis, lossing, reiniging, omdat Hy van geboorte af aan die wet onderworpe is. Daardeur vervul Hy die wet – in ons plek. Hy doen dit wat ons nie kan nie. Hy neem die onnoembaar sware las wat ons nie kan dra nie en dra dit. Ons word vrygespreek, ons is regverdig in Hom.

Dit is die kern van die evangelie: Christus se plaasvervangende lyding en gehoorsaamheid wat ons toegereken word. Ons is duurgekoop.

Met die besef van ons geregtigheid leef ons soos dit ons Vader behaag.

*Sing: Psalm 51-1:1*

*Ds. J-L Lee (Jan-Louis) (Brits)*